SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 30 JANUARIE 2022

Goeie môre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins uit in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 Sentraal Afrika Tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur Johan, ZS6JPL. Die oudio bulletins kan afgelaai word vanaf die Liga webwerf by www.sarl.org.za, terwyl die teks bulletins by https://sarlnewsbulletin.wordpress.com/ afgelaai kan word. Om by die Mailchimp bulletin e-poslys aan te sluit, stuur 'n e-pos aan die SARL Sekretaris.

In die nuus vandag:

SANDTON JAKKALSJAG VANMIDDAG

ICASA LISENSIEGELDE VERHOOG MET 4,5%

en

TWEE KOMPETISIES VOLGENDE NAWEEK

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

SANDTON JAKKALSJAG VANMIDDAG

Alle radio amateurs in Gauteng word uitgenooi om deel te neem aan die veldtog en jakkalsjag-uitdaging wat vandag om 13:00 SAT in Melrose Johannesburg plaasvind, aangebied deur die Sandton ARK. Die Jakkals sal op 144 525 MHz uitsaai en Richard, ZR6DE die Jakkals-bewaarder, sal beskikbaar wees op die spog frekwensie van 145 525 MHz. Sal jy jou spog regte verdien of sal die jakkals wen? Kom geniet bietjie pret. Alle besonderhede is beskikbaar op die SARL Komende Gebeurtenisse Dagboek Forum en in vorige SARL Nuus bulletins.

ICASA LISENSIEGELDE VERHOOG MET 4,5%

OKOSA het die SARL in kennis gestel dat 'n verhoging van 4,5% in die lisensiegelde op Vrydag 1 April 2022 in werking sal tree. 'n Een jaar-lisensie sal van R 159.00 tot R 166.00 styg; 'n twee jaar lisensie van R 304.00 tot R 317.00; 'n drie jaar lisensie van R 436.00 tot R 455.00; 'n vier jaar lisensie van R 555.00 tot R 579.00 en 'n vyf jaar lisensie van R 663.00 tot R 692.00.

Dit is baie belangrik dat alle radio amateurs op die OKOSA aanlyn stelsel moet registreer. Geen fakture sal via die Poskantoor gestuur word nie, die fakture sal beskikbaar wees vir aflaai vanaf die OKOSA-lisensie portaal. Wanneer die lisensiefooi betaal is, moet die bewys van betaling na die OKOSA-stelsel opgelaai word waarna die lisensie-dokument beskikbaar sal wees vir aflaai.

DIE SLUITINGSDATUM VIR TOEKENNING NOMINASIES IS 31 JANUARIE 2022

Die sluitingsdatum vir nominasies vir SARL-toekennings en -trofeë asook mosies vir bespreking by die AJV in April is 23:59 SAT op Maandag 31 Januarie 2022. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie. Geen nominasies vir die bedryfs-toekennings is ontvang nie. Geen Klub het aangebied om die 2023 Nasionale Konvensie aan te bied nie. Gebruik die nominasie vorms wat op die SARL-webwerf beskikbaar is, vul die besonderhede van die genomineerde in, vul die motivering in, onderteken die vorm as voorsteller en kry die vereiste handtekeninge van die sekondeerders. Dien dan die vorm in PDF-formaat in by die SARL Sekretaris secretary@sarl.org.za. Verwys na die SARL-kommunikasie gedateer 12 Januarie 2022.

Jy luister na nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga.

DIE SARL BHF/UHF FM-KOMPETISIE

Die SARL VHF/UHF FM-kompetisie sal vanaf 12:00 tot 16:00 UTC op Saterdag 5 Februarie 2022 duur en die doel is om aktiwiteit op FM simpleks frekwensies op die volgende bande te bevorder - 6 m van 51 500 tot 51 550 MHz, 2 m vanaf 145 500 tot 145 575 MHz en 70 cm van 433 500 tot 433 550 MHz. Klubs word aangemoedig om hul lede te kry om groter afstande as gewoonlik op simpleks te werk deur draagbare/veldstasies te bedryf en hul nuwe lede die gevoel te laat kry om aan 'n kompetisie deel te neem. Volledige besonderhede kan gevind word op bladsye 24 en 25 van die 2022 SARL-Kompetisiehandleiding.

ADV GG AKTIWITEITSDAG

Die doel van die GG Aktiwiteitsdag is dat deelnemers soveel as moontlik amateurs op die 20, 40 en 80 m amateur bande kontak en sal vanaf 13:00 tot 15:00 UTC op Sondag 6 Februarie 2022 duur. Aktiwiteit sal plaasvind tussen 14 000 tot 14 060 MHz; 7 000 tot 7 035 MHz en 3 500 tot 3 560 MHz. jy kan deelneem as 'n Enkel-operateur Alle Band - Lae Krag (maksimum 100 W); 'n Enkel-operateur Alle Band - QRP (Maksimum 5 W); 'n Enkel-operateur Enkelband - Lae krag (maksimum 100 W); 'n Enkel-operateur, enkelband - QRP (maksimum 5 W) of 'n kortgolfluisteraar.

Die uitruiling is RST-verslag, jou naam en jou ruitvierkant. 'n QSO met 'n lae kragstasie is 1 punt werd en 'n QSO met 'n QRP-stasie is 2 punte werd. Sertifikate word toegeken aan die eerste drie plekke en die hoogste enkelband telling. Logstate in ADIF of Excel moet teen 21:59 UTC op Vrydag 11 Februarie 2022 na andyzs6ady@gmail.com gestuur word. Die inligting is op bladsy 50 van die 2022 Blou Boek.

'N VERSLAG OOR DIE SANDTON KRAG UUR PRAATTJIE

Dankie aan Brian, NB7KW/6, wat 'n baie interessante en goed voorbereide praatjie oor APRS aan 'n groep van 25 of meer amateurs tydens die Krag Uur Tegniese Praatjie op Woensdagaand 26 Januarie gelewer het. Die praatjie het die geskiedenis van APRS gedek, wat jy daarmee kan doen, wat jy nodig het en waar om meer inligting te kry. Jy kan aan die gang kom met net 'n slimfoon, Hand radio en verbindingskabel. Dit is nog 'n interessante faset van

ons stokperdjie wat baie praktiese gebruike het. Besoek APRS.FI vir 'n plaaslike kaart wat APRS-stasies wys en APRS.ORG vir meer inligting.

Die volgende Krag Uur-praatjie is op 23 Februarie, waar ons spesiale gaste die QO-100 geostasionêre satelliet sal dek. Dankie aan almal wat aan die Tech Talks deelneem. Dit is wonderlik om jou op die kanaal te hê.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan wees. Tans is daar verskeie sonvlekke met eenvoudige magnetiese samestellings sigbaar. Daar is 'n groot moontlikheid van C-klas en 'n geringe moontlikheid van M-klas sonfakkels. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van 45 vir die week gebruik. Radio amateurs kan goeie DX openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die dagboek van gebeure vir die volgende paar weke:

Vandag – die Sandton ARK-jakkalsjag

31 Januarie – die sluitingsdatum vir AJV Mosies en nominasies vir Toekenning en om op die Raad te dien

1 Februarie – die Registrasie vir die Mei RAE open

5 Februarie – die SARL BHF/UHF FM Aktiwiteitsdag

6 Februarie – die ADV GG Aktiwiteitsdag

11 Februarie – die sluitingsdatum vir ADV GG logstate

12 Februarie – die sluitingsdatum vir SARL BHF/UHF logstate

14 Februarie – die sluitingsdatum vir PEARS BHF/UHF logstate

19 Februarie – die SARL Saterdag 40 m Klub kompetisie

19 en 20 Februarie – die ARRL Internasionale DX GG-kompetisie

23 Februarie – die Sandton ARK Krag Uur

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Alle radio amateurs in Gauteng word uitgenooi om deel te neem aan die veldtog en jakkalsjag-uitdaging wat vandag om 13:00 SAT in Melrose Johannesburg plaasvind, aangebied deur die Sandton ARK. Die Jakkals sal op 144 525 MHz uitsaai en Richard, ZR6DE die Jakkals-bewaarder, sal beskikbaar wees op die spog frekwensie van 145 525 MHz. Sal jy jou spog regte verdien of sal die jakkals wen? Kom geniet bietjie pret. Alle besonderhede is beskikbaar op die SARL Komende Gebeurtenisse Dagboek Forum en in vorige SARL Nuus bulletins.

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuus diens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Vrydag wat die bulletin datum vooraf gaan nie.

Luister elke Sondag oggend om 10:00 Sentraal Afrika Tyd na "Amateur Radio Today." Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband deur Louis, ZS5LP en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. 'n Heruitsending aangebied deur Andy ZS6ADY vind op Maandae aande om 19:30 Sentraal Afrika Tyd op 3 620 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou sein rapporte, kommentaar en voorstelle, stuur 'n e-pos aan artoday@sarl.org.za.

Jy het geluister na 'n nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, geskryf deur Dennis Green, ZS4BS/1, geproeflees deur Johan de Bruyn, ZS6JHB en gelees deur .....

Van die Nuusspan, beste wense vir die week wat voorlê.